# Gesels saam

## VOORSKOOL

## WELKOM

Wie van julle het al self iets gekoop? Wat koop julle graag? Sjokolade? Groente? Speelgoed? Het julle al iets gekoop wat julle nie gebruik het nie? Dalk klere of 'n speelding?

Ons gaan vandag 'n storie lees van 'n man met die naam Jeremia. Hy het 'n stuk grond gekoop waarop hy nie gaan bly nie en wat hy nie gaan gebruik nie. Hoekom sou hy dit doen?

## WONDER

Vertel kortliks die storie van Jeremia 32:1-25 vir die kleuters.

In die tyd wat hierdie storie afspeel, het die Here baiekeer deur sy profete (boodskappers) met die mense (die volk Israel) gepraat. Die profete moes soms ook dinge *doen* wat God wou hê hulle moes doen. God het dan deur dit wat die profeet gedoen het 'n boodskap vir die volk gegee.

God het vir Jeremia gesê hy moet 'n stuk grond koop waarop hy nooit self sou bly of boer nie. Jeremia het na God geluister en die grond gaan koop. Hierdeur het God vir die volk gewys dat hulle moet bly hoop dat hulle weer op die grond van Israel sou woon en werk, al gaan dit nou baie sleg met hulle.

## WEES

Gee vir elke kleuter 'n afskrif van die hulpmiddel "God gee my hoop". Frommel die papier liggies op, maar moet dit nie skeur nie. Dit beeld die chaos in die wêreld uit. Laat die kleuters die kers inkleur of gekleurde papier (geel en rooi) daarop plak om 'n mosaïek te maak. Hulle kan ook die woorde onder die kers inkleur.

*Alternatief:* Kleur die kers en die woorde met vetkryt in. Verf dan die hele papier swart met waterverf. Die verf sal nie die kers en die woorde bedek nie; die helder kleure van die kers sal dus mooi uitstaan teen die swart agtergrond.

Die kleurvolle kers herinner ons daaraan dat God vir ons lig (hoop) gee wanneer dit

sleg gaan met ons.

## WEGSTUUR

Gee vir elke kleuter ’n afskrif van die hulpmiddel “God gee my hoop”. Frommel die papier liggies op, maar moet dit nie skeur nie. Dit beeld die chaos in die wêreld uit. Laat die kleuters die kers inkleur of gekleurde papier (geel en rooi) daarop plak om ’n mosaïek te maak. Hulle kan ook die woorde onder die kers inkleur.

*Alternatief:* Kleur die kers en die woorde met vetkryt in. Verf dan die hele papier swart met waterverf. Die verf sal nie die kers en die woorde bedek nie; die helder kleure van die kers sal dus mooi uitstaan teen die swart agtergrond.

Die kleurvolle kers herinner ons daaraan dat God vir ons lig (hoop) gee wanneer dit sleg gaan met ons.